Wat is Militarisme?

Militarisme Gaan Nie Net Oor Konflik Nie

Militarisme is nie net die teenwoordigheid van oorlog of militêre instellings nie, en is ook nie beperk tot die slagveld of groot en ryk state nie. Dit is deurdringend. Militarisme behels 'n stel waardes gegrond in rigiede patriargale konstruksies van geslag, waardeur mans en seuns gesosialiseer word om te glo dat geweldadige manlikheid ideaal is. Kulture van militarisme laat State en nie-Staatrolspelers toe om strafloos voort te gaan met hulle misoginistiese, rassistiese, homofobiese, transfobiese, klassistiese en xenofobiese agendas om mag en beheer te behou. Hulle normaliseer nie net fisiese en seksuele geweld teen vroue in oorlog nie, maar kompromitteer ook hulle menseregte tydens vrede.

Militarisme Raak Menslike Sekuriteit en Ontwikkeling

Besteding op wapens, paramilitêre opleiding, verdedigingsprogramme en militêre operasies belemmer menslike sekuriteit en kom ten koste van ontwikkeling. Volgens die Stockholm International Peace Research Institute het globale militêre besteding in 2011 rekordhoogtes bereik, meer as 'n geraamde $1.735 triljoen. In 2010 het die International Peace Bureau bereken dat die ekstra jaarlikse koste benodig om die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte te bereik teen 2015, slegs 'n fraksie van militêre besteding sou kos, $329 biljoen. Doelwitte wat bereik kon word was:

- Kindersterftes en verbeterde moedergesondheid: $10 biljoen
- Versekering van omgewingsvolhoubaarheid: $155.6 biljoen
- Uitwis van uiterste armoede en hongersnood: $102 biljoen
- Ontwikkeling van 'n globale vennootskap vir ontwikkeling: $40 biljoen
- Bevegting van HIV/VIGS, malaria en ander siektes: $14.2 biljoen
- Universele primêre onderrig, bevordering van geslaggelykheid en vrouebemagtiging: $7.2 biljoen

Buiten die enorme koste in geleenthede, sluit prioritisering van militêre besteding deure vir vroue om hulle opvoedkundige en professionele doelwitte te bereik omdat State sosiale welsynbegrotings sny met die verwagting dat vroue sal opmaak vir verlore sorg en dienste aan hulle families. Deur sosiale ongelykhede te ignoreer ten gunste van konflikbefondsing, lei dit ook tot onstabiliteit binne State se grense. Groot en volgehoue militêre besteding vererger armoede en ekonomiese onstabiliteit, en verleng konflik – belangrike drywers van mishandelinge soos mensehandel, vroeë en gedwonge huwelike en intieme lewensgenootgeweld.

Militarisme Beskadig die Omgewing en Verteer Hulpbronne

Militarisme versleg omgewings – waarvan vroue en meisies die gevolge die swaarste voel. Tydens vrede hou militêre aktiwiteite aan om geweldige hoeveelhede grond, energie en hulpbronne te gebruik. Byvoorbeeld:

- Hoë olieverbruik deur die weermag dra by tot aardverwarming en beïnvloed die omgewing, insluitend menslike toegang tot hernubare hulpbronne en diere se natuurlike habitat.[1]
- Dit was in 1981 geraam dat tussen 750 000 en 1.5 miljoen vierkante kilometer in vredestye onder direkte militêre gebruik was wêreldwyd, uitsluitend grond wat aan wapenprodusente behoort.[2]

Oorweldigende syfers soos die, tesame met aardverwarming en vernietiging van groot gedeeltes grond gebruik in oorlogspeletjies, dra by tot voedsel- en wateronsekerheid en verspreiding van siektes. Dit raak landelike en inheemse vroue meer, wie se lewensbestaan afhanklik is van die omgewing se welstand. Militarisme gebruik menslike hulpbronne; vroue en meisies word geforseer om familiebroodwinners te word, dikwels in omgewings wat alreeds hulle sosiale en ekonomiese regte beperk, soos toegang tot grondregte en erfenis. Die gebrek aan veilige areas en ontkenning van die mensereg tot onderrig word diep geraak deur geweld, misoginistiese oortuigings en diskriminasie, veral teen meisies en vroue.

Militarisme Stel Vroue-menseregteverdedigers In Gevaar

Regoor die wêreld speel vroue-menseregteverdedigers 'n kritiese rol in die advokering van regte van vroue geraak deur gevolge van militarisme. Deur tradisionele geslagrolle omver te werp en State en nie-Staatrolspelers uit te daag, is vroue-menseregteverdedigers teikens vir dreigemente, aanranding, en moord. Militarisme se doeltreffendheid spruit voort uit 'n vermoë om begroting vir oorlog en mobilisering in vredestye as noodsaaklik en normaal voor te hou, ten koste van belegging in vroue se menseregte. Om vroue en meisies se gelykheid in alle aspekte van hulle lewens te verseker, is dit noodsaaklik om vroue-menseregteverdedigers te ondersteun en militarisme as 'n paradigma uit te daag.

Bronne

Lees asseblief die volgende publikasies rakende die verband tussen geslag, militarisme en ander sosiale geregkwessies:

Burke, Colleen. (1998) "Women and Militarism." http://ec.europa.eu/justice_home/daphnetoolkit/files/projects/1998_043/women_and_militarism_1998_043.pdf
Enloe, Cynthia. (2000) *Maneuvers: The International Policies of Militarizing Women's Lives.* Berkeley, Calif: University of California Press. http://www.ucpress.edu/book.php?isbn=9780520220713
Erturk, Yakin. (2013) "The quest for gender-justice peace: from impunity to accountability." http://www.opendemocracy.net/5050/yakin-erturk/quest-for-gender-just-peace-from-impunity-to-accountability
International Peace Bureau. (2012) "Opportunity Costs: Military Spending and the UN's Development Agenda." http://www.ipb.org/uploads/tbl_noticies_web/169/documents/Opportunity%20Costs%20web
International Peace Bureau. (2011) "What Does Development Cost?" http://www.ipb.org/uploads/tbl_contingut_web/210/documents/What%20does%20development%20cost.pdf
Ostling, Kristen. (1992) "The Impact of Militarism on the Environment." in Peace Magazine. http://www.peacemagazine.org/archive/v08n3p08.htm
The Women Peacemakers Program's "Gender & Militarism: Analyzing the Links to Strategize for Peace" campaign: https://www.womenpeacemakersprogram.org/gender-and-militarism-campaign

Vir meer, besoek http://16dayscwgl.rutgers.edu

[1] Karbuz, S. (2007). US military oil pains. *Energy Bulletin.* Retrieved from http://www2.energybulletin.net/node/26194http://www2.energybulletin.net/node/26194
[2] Levy, B. S., & Sidel, V. W. (2008). *War and public health.* New York: Oxford University Press.